

BabaGim[®] 1 en die belang van ouer- en baba interaksie vir 'n hegte band

Lynette van Wyk

In Mei 2014 het ek die voorreg gehad om BabaGim 1 te doen met Pricilla en Xolisile Tshabangu, 'n jong egpaar wat swanger was met hul eerste baba en graag die regte ding wou doen. Hierdie ontmoeting was sekerlik een van die hoogtepunte van my BabaGim[®] 1 loopbaan en een waaruit ek self so baie geleer het. Ek het oudergewoonte sessie 1 met hulle gedoen en die drie belangrike beginsels van BabaGim[®] 1 verduidelik, nl. dat dit belangrik is vir baba en mamma om 'n nuwe band te vorm, dat hy goed moet kan eet en goed moet kan slaap. Ons het die massering op poppe geoefen en 'n tevrede egpaar is die aand huis toe.

Voor ons met sessie twee begin het, het ek hul uitgevra na die betekenis en waarde van sessie 1 vir hulle. Pricilla het vertel hoe sy na die eerste sessie lank nagedink het oor die hele "bonding" proses. In die Xhosa tradisie gaan woon 'n nuwe mamma vir 'n hele aantal weke by haar ma wat dan sorg dat alles vir die mamma gedoen word: die ouma versorg die baba, kook en doen die wasgoed sodat mamma kan rus en herstel na die geboorte.

So het Pricilla se suster ook na haar seun se geboorte by haar ma ingetrek. Die ouma het alles vir die baba gedoen en mamma op die hande gedra. Vandag, vier jaar later, het die seuntjie 'n opmerklieke nuwe band met sy ouma. Dit het Pricilla laat nadink oor die belang van "bonding" in die eerste weke van 'n baba se geboorte en sy het haar voorgeneem om wel by haar ma in te trek na Uza se geboorte, maar self vir hom te sorg. Sy het hom self gebad en versorg en baie "skin on skin" kontak met hom gehad. Pappa was ook 100% betrokke by Uza en is steeds betrokke.

Vandag is Uza 'n sprankelende, vrolike en woelige klein baba van 7 maande oud en sy ma en pa se oogappel. Hy is 100% tevrede op sy maag en beweeg al van 5 maande af op sy magie.

Ek is seker oumas is die beste ding sedert gesnyde brood en gun elke nuwe mamma die bederf om by haar ma in te trek vir 'n onbeperkte tyd. Tog moet elke mamma en pappa die voorreg hê om in daardie eerste weke self met hulle baba te "bond". Dit kan alleen gebeur as hulle die baba self hanteer, bad, troetel, masseer en versorg – so ver as wat dit enigsins moontlik is. Tien uit tien vir BabaGim[®] 1 wat die belang hiervan onderstreep. Dit het duidelik het 'n groot verskil in hierdie gesin se lewe gemaak en ek glo dit gaan nog groot verskille maak in die lewens van baie gesinne. 'n Stewige band met mamma en pappa bou nie alleen saam aan 'n beter brein nie, maar ook aan lewenslange goeie verhoudinge wat so nodig is vir die totale ontwikkeling van die baba.

Ek sien met groot verwagting uit daarna om hierdie jong man se ontwikkeling dop te hou.

